Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 20 no 10
Oktober 2011

Tema:
Die huwelik

- Op berge en in dale – God is daar! 2
- Hooglied – die hoogste lied van die liedere 5
- Die reformasie en die huwelik 7
- Gedagtes oor skei en hertrou 10
- Bevordering van die huwelik op die sendingveld 11
- Konflikhantering in die huwelik 13
- Eenheid in Christus – same-sprekings tussen gemeentes van die VGKSA en GKSA in Pretoria 15
- Kerknuus Australië 17
- Versoening tussen Bybel en Wetenskap (1) 18
- Die oproep van "nine-eleven" 21
- Boekenuus 23

HERVORMING Oktober 2011

Dit is vir ons as Gereformeerdes gepas om elke jaar opnuut stil te staan by die groot dade van God tydens die Reformasie gedurende die 16de eeu. Ons dink dan eerstens aan Luther en Calvyn – die belangrikste manne wat God gebruik het om die kerk weer terug te lei na die waarheid van sy Woord. Ons dink verder aan geleerdes soos Wycliff, Hus, Erasmus, Melanchton, Knox, Farel, Beza. Daar is ook minder bekende manne wat God op verskillende maniere diensbaar gemaak het aan die verspreiding van die Gereformeerde leer. Hoewel almal nie altyd mekaar persoonlik ontmoet het nie, was hulle tog een, omdat hulle die reformatore se boeke gelees en met mekaar gekorrespondeer het. Kom ons kyk na Thomas Cranmer en Johannes a Lasco.

Cranmer, gebore in 1489 in Engeland, is op 20-jarige leeftyd al professor in teologie aan die Universiteit van Cambridge, 'n universiteit waar my seun ook gestudeer het. Hulle het trouens in Cranmerlaan gewoon. 'n Roemryke loopbaan staan Cranmer te wagte in die Roomse kerk. Hy word later in sy lewe ook aartsbiskop van Canterbury. Deur 'n besoek aan die vasteland van Europa kom hy in aanraking met evangeliese en gereformeerde teoloë. In die jare wat volg voel hy hom steeds meer verbonde aan die saak van die Reformasie. Hy sorg vir 'n vertaling van die Bybel in Engels, sodat die Engelse volk self die Bybel kan lees. Daar is egter sterk teëstand in Engeland.

Cranmer korrespondeer met Calvyn en beweeg al hoe meer na Calvyn se gedag-tegoed. Na die dood van koning Hendrik VIII word die klimaat vir hervorming in Engeland gunstiger. Cranmer laat 'n hele aantal geleerdes van die vasteland kom om o.a. aan die universiteite die Reformatoriese leer te versprei. Een van hierdie manne was Johannes a Lasco uit Pole. 'n Nuwe liturgie word in die kerk ingevoer. Daar kom 'n Common Book of Prayers. Die mis word verander na Nagmaalsviering. Tog bly daar nog baie teëstand teen die nuwe leer. Toe koningin Mary (die Bloedige) aan die bewind kom, word die Roomse mis weer ingestel. Omdat Cranmer die Roomse mis as 'n vervloekte afgodery beskou, word hy as ketter verklaar. Ongelukkig het Cranmer toe voor die druk beswyk en skriftelik sy Reformatoriese geloof verloën (dink aan Petrus...) Tog moes hy verbrand word.

Voordat hy die brandstapel opklim, bely hy tog weer moedig sy ware geloof en ook sy sondes. Hy steek sy regterhand eerste in die vuur, want dié het gesondig toe hy so swak was. Daarna het hy in die vlamme beswyk. God het hom krag-tig gebruik om die kerk in Engeland onafhankliker te maak van die Roomse kerk.

'n Ander man wat op 'n heel ander manier die saak van die Reformasie bevorder het, was Johannes a Lasco, gebore in Pole uit 'n adellike geslag. Op 18-jarige leeftyd is hy reeds 'n groot geleerde in die Roomse kerk op die gebied van Kerkreg. Tydens sy studiejare eien hy homself die leer van die Reformasie toe, o.a. deur Erasmus en Luther se geskrifte. Hy verlaat sy Rooms-Katolieke

vaderland. Sy eerste groot bydrae tot die Reformasie was dat hy in Emden (Oos-Friesland) en omgewing die Gereformeerde gemeentes sterk ondersteun het. Op daardie stadium is Emden oorspoel met gereformeerde vlugtelinge. A Lasco tree op as sterk kerklike organiseerder. Hy stel 'n kategismus op vir gebruik op skool. Ampsdraers word in die gemeentes aangestel. Emden word onder sy leiding 'n klein Genève. (Vandag bestaan daar in Emden nog 'n a Lasco-biblioteek).

Na 'n aantal jare is a Lasco na Engeland en Cranmer vertrou die geestelike leiding van die Nederlandse vlugtelinggemeente in Londen aan hom toe. Hier gee God ook groot seën op sy werk. Met sy gegronde kennis van kerkreg fundeer hy die kerk daar. Die gemeente het gegroei en toegeneem in krag. Ons volg a Lasco vanaf Engeland terug na Emden, verder na Frankfurt. Orals was sy invloed geweldig groot en seënryk.

Sy mooiste opdrag kom uit sy vaderland Pole. Ook hier het Calvyn se Institusie die oë geopen vir die Reformasie – selfs sy eie adellike familie! Pole het geen reformator nie. Hulle roep a Lasco dringend om terug te kom. Ook op eie bodem het hy as organiseerder opgetree en die kerklike lewe in vaste bane gelei.

Prof Hans Boon

Op berge en in dale, GOD IS DAAR!

Uit die Bybel

Maar hoe is Hy daar? Esegiël 1
"Op berge en in dale, ja, oral is my God…" – almal van ons ken waarskynlik hierdie bekende woorde. 'n Pragtige lied wat sing van God se alomteenwoordigheid. Wat ook al in hierdie wêreld, in ons land, en in ons persoonlike lewens gebeur, God is dáár! Maar dit is nog nie genoeg om maar net stil te staan by 'n leerstuk wat gaan oor God se alomteenwoordigheid nie. Ons moet verder as dit gaan; dit is van die grootste belang dat ons ook die vraag stel: "Maar *hoe* is God daar *vir my*? *Hoe* is God daar vir *ons* as kerk?" Dít is die vraag waarmee die eerste hoofstuk van Esegiël ons konfronteer.

Visioen
In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand – so begin die profesie van Esegiël. Vanuit die wette van Moses kan ons aflei dat die 'dertigste jaar' waarskynlik dui op die dertigste lewensjaar van Esegiël. Dit was immers op daardie leeftyd dat die priesters – en volgens vers 3 was Esegiël 'n priester – aktief tot hulle amp toegetree het (Num 4). Moontlik dat die dag- en maandaanduiding selfs 'n verwysing is na Esegiël se verjaarsdag.

Onder normale omstandighede sou Esegiël op hierdie heuglike dag tot die priesteramp toegetree het, maar die omstandighede was allesbehalwe normaal. Esegiël was immers deel van die groep ballinge wat vyf jaar tevore – in 597 v.C. – deur Nebukadnesar na Babel weggevoer is (vers 2). Ook al wou hy, hy kón nie priester word nie, want hy was duisende kilometers verwyder van die tempel in Jerusalem. Daar was dus geen vreugdesange op Esegiël se dertigste verjaarsdag nie. By die Kebarrivier (1:1 en 3), dáár het Esegiël saam met die ander ballinge gesit. Ver van Jerusalem, ver van die tempel, en ver van die aangesig van die Here…

Maar dan gebeur daar iets besonders – op die einste dag waarop Esegiël eintlik met die uitvoering van sy priesteramp moes begin het, roep die Here hom tot 'n ander amp; in plaas van priester word Esegiël profeet! En om hom vir sy taak as profeet te roep en toe te rus, openbaar die Here Homself op 'n asemrowende wyse aan Esegiël.

Esegiël sien uit die noorde 'n wolk aankom. Hoekom uit die noorde? As die Here uit Palestina sou gekom het, dan moes Hy mos uit die weste gekom het? Inderdaad het Israel wes van Babel gelê, maar nou moet ons nie dink dat die paaie van daardie tyd sommer so reguit van wes na oos geloop het nie. As dít die geval was, dan sou jy gou-gou in die onherbergsame woestyn beland het. Nee, die roete wat die mense van Israel na Babel gevolg het, het eers noord gegaan, en vervolgens afgebuig na die suide. Dus, vanuit Esegiël se perspektief, waar hy daar in Babel gesit het, het die wolk vanuit die noorde gekom. En dit is inderdaad ook waarvandaan hy iemand kon verwag wat vanuit die geliefde vaderland sou kom.

Die eerste wat Esegiël sien, is vier lewende wesens, elkeen met vier gesigte. Dit lyk asof die menslike

gesig die voorkant was, met aan die regterkant die gesig van 'n leeu, aan die linkerkant die gesig van 'n bees, en aan die agterkant die gesig van 'n arend. Omdat hierdie hele visioen, volgens vers 28, die heerlikheid van God weerspieël, mag ons aanneem dat ook die onderdele iets oor God vertel. Die menslike gesig dui waarskynlik op God se wysheid en insig en intelligensie, die leeukop dui op God se krag, die beeskop dui op God se onveranderlikheid en konstantheid (net soos wat 'n bees onverhinderd voortgaan om die ploeg te trek), en die arendskop dui op God se skerp oog wat alles sien. Só weerspieël hierdie vier lewende wesens God se heerlikheid, en in daardie kapasiteit is hulle die draers van God se troon.

Die volgende wat Esegiël sien, is vier wiele, langs die vier lewende wesens. Maar dit is nie sommer enige wiele nie – nee, ons lees dat hulle só gemaak is asof daar 'n wiel binne-in 'n wiel is. Ons kan onsself dit dalk die beste só voorstel dat daar een wiel is, met daar binne-in op 'n 90 grade-hoek nog 'n wiel. Op dié manier kan die wiele in enige rigting beweeg sonder dat dit nodig is om te draai. Hierdie konstruksie beklemtoon dus die mobiliteit van die hemelse troonwa; lees maar vers 17: "Na al vier kante het hulle gegaan as hulle gaan: hulle het nie gedraai as hulle gaan nie." Ook die lewende wesens, wat aan vier kante 'n gesig gehad het, het nie nodig gehad om hulleself om te draai nie – vers 12: "Hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan…" Só wys sowel die wesens as die wiele iets van God se alomteenwoordigheid. Hy sien alles: die vier wesens sien immers vorentoe, na links, na regs en agtertoe. God se troonwa ken ook nie, soos ons voertuie, 'n dooie moment wanneer dit moet draai nie. Die wesens en die wiele kan heen en weer snel met die spoed van 'n bliksemstraal (vers 14). En hierdie alomteenwoordigheid van God word nog ekstra bevestig wanneer ons lees dat die vellings van die wiele (die 'rims', soos wat ons daarvan praat) rondom vol oë was. God is oral, en sy oë sien alles, daar is niks wat sy blik ontgaan nie.

Die volgende hoofelement van Esegiël se visioen vind ons in vers 22: iets in die vorm van 'n uitspansel wat blink soos die wonderbare kristal, bo-oor die hoofde van die gerubs. Dit is nie heeltemal duidelik presies waarmee ons hier te make het nie, maar wat ons wel kan sê, is dat hierdie uitspansel iets uitgestreks is, en dat dit 'n mens laat dink aan kristal en daarom waarskynlik deursigtig is. En dit sluit aan by wat ons hierbo reeds gesê het, naamlik dat God alles sien. Die beeld van 'n deursigtige uitspansel onder God se troon pas goed hier-by aan. God, wat in die hemel woon, se uitsig word dus nie ge-blokkeer nie. Hy kyk dwarsdeur die vloer van sy paleis!

En dan sien Esegiël ten slotte nog iets van wat daar bo die uitspansel was – 'n reuse saffiersteen in die vorm van 'n troon. En wie sit op die troon? 'n Gestalte wat soos 'n mens lyk. Meer kry ons nie te hore van hierdie persoon nie, maar vanuit die geheel is dit duidelik dat ons hier met die Here self te make het. Rondom Hom was 'n heerlike glans wat Esegiël herinner het aan die reënboog. Was dit dalk die simbool van God se genade, soos in die dae van Noag? Dit is goed moontlik. Te midde van God se heerlikheid en majesteit kon Esegiël dus ook iets van sy genade en barmhartigheid aanskou: Onse Vader wat in die hemel is…

Esegiël kry nie kans om enigsins verder te verduidelik nie. Die verskyning van die heerlikheid van die Here – soos wat hy die visioen in vers 28 saamvat – is vir hom eenvoudig een te veel. En dit was ook presies die bedoeling van die Here. Die Here wou indruk maak op Esegiël, en dit het Hy op 'n oorweldigende wyse gedoen. Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid – dit is die belydenis wat God se verskyning oproep. Esegiël voel die oneindige afstand tussen die heerlikheid van God en homself as die mensekind; hy ervaar ook God se alomteenwoordigheid – op berge en in dale, God is daar! *Máár* dit bring ons terug by ons oorspronklike vraag: *Hoe* is God daar? *Hoe* is God daar vir sy volk?

Die pot en die vleis
Kom ons spring gou van Esegiël en die ballinge daar in Babel terug na Jerusalem. Want dit is juis die agtergeblewenes in Jerusalem wat gereken het dat God se heerlikheid by húlle was. En hulle het dit ook met 'n opmerklike uitdrukking verwoord; in hoofstuk 11, waar ons weer met die heerlikheid van die Here te make kry, sê die agtergeblewenes in vers 3: "hierdie stad is die pot, en ons die vleis." Hulle het Jerusalem dus as 'n kookpot gesien waarin daar 'n heerlike stuk vleis gelê het. Daardie heerlike en goeie stuk vleis was hulle self. Alles buite die pot was afval. Ja, dit is mos so? Húlle is mos nie die deel wat weggevoer is nie; dus, húlle is nie deur die Here gestraf nie. Die Here het nie die goeie vleis gestraf nie, maar die afval. Maar die agtergeblewenes daar in Jerusalem – húlle het God nog steeds aan hulle kant gehad. Immers, dáár staan die tempel, dáár in die allerheiligste was die ark, en daar het die offers gerook. Solank dít nog steeds gebeur het, was hulle seker van God se teenwoordigheid en beskerming.

En opmerklik, die ballinge – insluitende Esegiël – het ook so daaroor gedink. Hulle het ook gedink dat hulle die afval was, en dat die agtergeblewenes in Jerusalem die goeie vleis was. Hoor maar wat sê Esegiël wanneer Pelatja in hoofstuk 11 dood neerval: "Ag, Here HERE, wil U 'n einde maak aan die *oorblyfsel* van Israel?" (vers 13) Diegene daar in Jerusalem – húlle is die oorblyfsel, so asof daar geen weggevoerde Israeliete bestaan het nie. By Esegiël leef die gedagte dat hy deel is van die verstote deel van Israel. In sy belewing woon God nog steeds in Jerusalem, daar troon Hy bo die ark van die verbond. Esegiël kan maar net hoop en bid dat hulle so spoedig moontlik mag terugkeer na Israel, sodat hulle hulself weer kan aansluit by dié deel van die volk wat nie deur die Here verstoot is nie.

En dan skielik, op sy dertigste verjaarsdag, kom Esegiël oog in oog met die heerlikheid van die Here – in Babel, in 'n heidense land! Kan dit wees? Is dit moontlik dat die heerlikheid van die Here die ark verlaat het? Inderdaad! Doen jouself 'n guns en gaan lees op jou eie hoofstukke 8-11. God het die tempel en Jerusalem verlaat. Hy laat nie met Hom speel nie – Hy het geen verbond met 'n klomp stene (die tempel) of met harte van steen (die inwoners van Jerusalem) wat Hom nie werklik dien nie. Hy is die God wat aan niks gebonde is nie – nie aan Jerusalem nie, nie aan die tempel nie, nie aan Israel nie. Hy wil uit vrye genade 'n Vader wees vir diegene wat hulle harte aan Hom gee, maar Hy is nooit 'n outomatiese besit nie. Hy laat Homself nooit inperk binne menslike grense nie. Die inwoners daar in Jerusalem was verkeerd om te dink dat die Here by húlle was, bloot omdat hulle die tempel in hulle midde gehad het.

Is die Here met ons?

Is die Here met ons? Dit is 'n vraag waaroor ons moet nadink. Daar bestaan naamlik so-iets soos 'n kerk sonder God en 'n Christendom sonder Christus – net soos wat daar in Esegiël se tyd 'n tempel sonder God se heerlikheid was, terwyl die agtergeblewenes vas oortuig was dat God by hulle was. Plaas die hand op die mond en oorweeg in kleinheid voor God se heerlikheid: is God by ons? En *hoe* is Hy by ons? Is Hy by ons in sy genade of in sy toorn? Esegiël se visioen is nie slegs iets van daardie tyd nie. Nee, dit is iets vir vandag, dit is iets vir ons om biddend te oorweeg: "Here, laat ons tog u heerlikheid sien!"

Die troonwa in Babel
Met troon en al verskyn die Here aan die Kebarrivier. Die boodskap hiervan was ingrypend vir Esegiël en die ander ballinge. Hul verwronge idees oor waar die Here nou eintlik was, moes bygestel word. Hulle moes leer dat die Here uit vrye genade 'n Vader wou wees vir diegene wat hulle *harte* aan Hom gee. Want dít is waarna God kyk!

God wil nie by diegene woon wat in selfvoldaanheid meen dat hulle Hom as 'n outomatiese besit by hulle het nie. En daarom is dit so belangrik dat ons onsself sal

ondersoek *hoe* ons met die Here omgaan. Hoe praat en hoe dink ons oor die Here se teenwoordigheid? Dink ons: VGKSA = God is hier? Of verneder ons onsself voor sy verstommende heerlikheid in die besef dat ons sy teenwoordigheid nooit verdien nie? Want slegs dán wil die Here by ons woon. Die boodskap van die troonwa, wat uit Jerusalem verdwyn en aan die Kebarrivier verskyn, is duidelik: die Here het dié lief en Hy wil by dié woon wat klein voor Hom geword het!
Dit is presies die boodskap wat Maria eeue later in haar lofsang verwoord. Die Here het aan haar die Verlosser belowe, die Immanuel – God met ons! God met ons – nie in die verstommende heerlikheid van Esegiël 1 nie,

maar in die verborge heerlikheid van Jesus Christus. Maar vir wie is Hy bedoel? Wel, om mee te begin het die Here die *nederige toestand* van sy diensmaagd, Maria, aangesien. Die Here het die nederige Maria opgesoek om in haar naby aan sy volk te kom. Daarenteen het Hy die hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart verstrooi. Die Here het maghebbers van hulle trone afgeruk, maar nederiges het Hy verhoog. Die Here het hongeriges met goeie dinge vervul, maar rykes het Hy met leë hande weggestuur.

Die Here het gekom om by die nederiges van hart te woon! En presies dit het die Here Jesus dwarsdeur sy bediening hier op aarde bevestig. Hy het met die hoere en die tollenaars omgegaan, Hy het die sondaars opgesoek, Hy het die kleintjies om Hom heen versamel. Die Here is nie daar vir 'n kerk vol selfvoldane mense nie.

Die Here wil wees by diegene wat hulself voor Hom verneder, omdat hulle hulself ken: ek, ellendige mens! Ek, die grootste van alle sondaars! O God, wees my, sondaar, genadig!

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

HOOGLIED: die hoogste lied van die liedere

Tema: Die huwelik

Toe die mens in sonde geval het, het God baie van hom weggeneem: die tuin, die verstand en gees wat rein was, en ook sy gesondheid. Van die dinge wat Hy nie weggeneem het nie, is die man en vrou in hulle skoonheid. Die boek Hooglied beskryf die skoonheid. Dit is 'n lied wat 'n pragtige naam het: die hoogste van al die liedere. In Engels: "Song of songs". Baie mense voel dat die lied eintlik nie in die Bybel opgeneem moes gewees het nie. Dis te aards. Tog is God so genadig dat Hy 'n lied in die Bybel laat opneem het wat op uitnemende wyse 'n jongman en 'n jongvrou se skoonheid besing.

Wie was die digter van die lied?

Baie kommentators is dit eens dat Salomo nie die lied geskryf het nie; of laat ons sê liedere/liedjies. Hooglied bestaan naamlik nie net uit een lied nie, maar uit 'n aantal liedere wat deur 'n literêr begaafde persoon gedig is. Dit is liedere wat teen die agtergrond van Salomo se tyd gedig is. Dit is juis liedere wat in kontras staan tot die liefdeslewe van Salomo. In Hooglied gaan dit om een jongman en een jongvrou teenoor Salomo met al sy vroue. Op sy liefdeslewe kan so 'n gedig nie van toepassing wees nie. Van Deursen noem die laaste gedeelte van die liedere 'n "protestsong" teenoor die lewe van koning Salomo.

Waaroor gaan die boekie?

Ons mag natuur en genade nie skei nie. Die sekslewe van 'n getroude jongman en jongvrou is nie te skei van God se genade nie. Die sekslewe behoort tot die totale mens wat God geskape het: liggaam, gees en siel. Laasgenoemde twee word nie gevange gehou deur die sondige liggaam om dan eenmaal by die dood te ontsnap nie. Daarom: die sekslewe is mooi voor God. Wanneer man en vrou "speel", dan het God daarin 'n welbehae. Daarom is die sekslewe nie net 'n uiterlike spel nie, maar dit gaan saam met die geestelike taak van die mens: bid, sing tot eer van die Here en maak sy Naam groot. Die liedere is beurtsange tussen 'n jongman en 'n jongvrou. Dit gaan oor hulle uiterlike en innerlike, onder andere

oor die vrou se gesig, hare, tande, borste, haar heupe en baie meer. Dit word pragtig vergelyk met diere en plante van die veld. Die jongman se innige liefde vir die jongvrou word beeldryk besing.
Dit is geweldig ontroerend dat ons in een van Esegiël se profesieë (Eseg 16:7-14) 'n beskrywing vind van die verbondsluiting van God met Israel. Dieselfde taal word hier gebruik as in die boek Hooglied. Dit gaan oor 'n man wat sy bruid versorg en pragtig versier. 'n Lewende beskrywing wat dui op die verhouding tussen Christus en sy kerk, afgebeeld in die huwelik tussen man en vrou!

Die liedere
Dit is moeilik om die liedere te groepeer soos wat dit met die psalms gedoen kan word. Laat ons sekere dele van die boek Hooglied per lied 'n bietjie van nader beskou.

Die verlange van die meisie/vrou (Hooglied 1:2-4)
Heerlik dat ek hom nou-nou sal sien. Dan oorstelp hy my met sy soene. Ek proe sy mond liewer as wyn. Sy liefkosings is lekkerder as die soetste wyn. 'n Baie mooi liedjie van verlange. Verliefdes hou ook van mekaar se geure. In Israel het mans hulle ingesmeer met olie wat heerlik geruik het. Sy gee hom die liefdesnaam "koning". Hy is egter nie 'n koning nie, maar 'n herder. So 'n liedjie kan deur 'n getroude jongvrou, maar ook deur 'n verloofde jongvrou, gesing word.

Bruin gebrand maar tog bekoorlik (Hooglied 1:5,6)
Om lekker bruin gebrand te wees, is vir ons mooi. 'n Bruin jongvrou is vir ons bekoorlik. In Israel was blankheid egter mooier. Die vroue het hulself beskerm teen die son. Amper soos by ons met die osoonlaag. Die jongvrou vertel hoe sy bruin gebrand het omdat sy in die wingerde moes werk. Maar ek is mooi soos die tentdoeke van ons woonplekke. Ek is donker, maar tog mooi. My broers het my nie beskerm nie. Ek moes die wingerd beskerm teen jakkalsies en voëls.

O, jy is so mooi (Hooglied 1:9-17)
Nou 'n liedjie van bewondering. Daar is wedersydse bewondering in beurtsang. Hy sê: jy is soos 'n pragtige perd van Salomo, my vriendin. Lieflik is jou wange tussen die mooi kettinkies. Ek sal vir jou nog kettinkies maak met silwerknoppe. Sy sê: my beminde is vir my 'n bossie mirre wat tussen my borste hang. Vroue het vroeër soms bossies kruie om hulle hals gedra. Dan sê hy weer: hoe mooi is jy vir my, o liefste. Jou sprankelende oë laat my aan duiwe dink; so glansend en so lieflik is hulle vir my. Dan sê sy weer: jy is mooi, my liefling. 'n Heerlike man. Ons is bymekaar in die opelug in 'n paleis van bome. Die skaduryke groen is ons bed. Die dak van ons huis is die seders en die mure is sipresse – 'n koninklike paleis. Dit is opvallend hoe mooi die twee mekaar besing en daar is geen veragting van mekaar se liggame nie. Die boek Hooglied laat 'n mens in verrukking. Daar is meer sulke opwindende liedere in Hooglied. Dit volg verder in die boek. Lees dit gerus.

Jy is soos 'n pragtige blom en jy soos 'n appelboom (Hooglied 2:1-3)
Weer 'n speelse bewonderingsliedjie. Hulle praat nie met mekaar nie, maar oor mekaar. As jy, sê sy, my 'n blom noem, dan is jy 'n appelboom in 'n groot bos ('n seldsaamheid) – so lyk my liefling onder die ander jongmanne. Jou liefde is vir my verruklik soet.

Siek van liefde (Hooglied 2:4-7)
Die jongvrou vertel dat sy byna beswyk van liefde – dit mag 'n jonggetroude vrou wees of 'n verloofde jongvrou. Dit lyk of hy my in die wynhuis gebring het. Die vlag van sy liefde wapper oor my lewe. Gee my gou iets te ete, 'n appel of 'n druiwekoek. Ek is duiselig van liefde. Heerlik is dit as ek met my kop op jou linkerarm lê en jou regterarm my omhels. Die ware liefde laat homself nie dwing nie. Dit is soos 'n vuurgloed van God wat Hy in die mensehart ontsteek. Sy sê vir die meisies van Jerusalem: moet die groot liefde nie dwing nie. Moenie probeer om haar kunsmatig op te wek nie. Jongmense is geneig om die liefde te forseer. Moenie met vuur speel nie.

Wag die tyd af tot jou huwelik wanneer God alles aan jou gee, die volle gemeenskap. Drie keer kom die waarskuwing soos 'n refrein.

Lentetyd is liefdestyd (Hooglied 2:8-14)
Die lentetyd in Israel is kort, maar baie uitbundig. As die winter met sy reëns verby is, dan is die land oortrek met blomme. In hierdie mooi tyd vertel sy hoe hy haar in die vroeë oggend kom haal en hoe hulle saam geniet van die liefde en die lente. Vol verlange hardloop hy na haar ouers se huis. Sy lê nog in die bed, maar sy is wakker en hoor sy voetstappe. Hoor, dit is my liefste. Hy het vinnig oor die berge gehardloop soos 'n bokkie. Hy roep haar om buitentoe te kom. Maar sy speel met hom en kruip weg. Hy roep haar met allerhande liefdesuitinge. Lentetyd is liefdestyd. God die Vader het alles so voortreflik gemaak. Die seisoen verander. Dit is die lente van die lewe en ook van die land. Die liefdesblydskap is 'n gawe van God wat Hy uitdeel.

So gaan die liedjies verder en herhaal mekaar soms. Lees die Hooglied gerus, verliefdes, verloofdes, getroudes! Word opgewonde binne die grense wat God gestel het. Dit maak 'n mens bly dat jy 'n liggaam van God gekry het, dit maak jou ook opgewonde dat die liefde nie leeg is in die Here nie. Geniet volledig daarvan in die getroude lewe: vriend en vriendin!

Dit is jammer dat Hooglied nie in ons tyd in Afrikaans berym is nie. Hans du Plessis het dit probeer dig in "Boegoe vannie liefde", wat hy Griekwahooglied noem. Dit is egter nie vanuit 'n Bybelse oogpunt geskryf nie.
So 'n bundel berymings van Hooglied kry ons wel van die digter Revius wat in die 17de eeu in Nederland geleef het. Dit wat hy gedig en berym het, is vir ons vandag byna nie leesbaar nie. Dit is ou Nederlandse taal. Dit is interessant dat die berymings gedoen is op die wysies van Psalms 128, 38 en 5. Met 'n bietjie moeite is dit vir 'n Nederlandssprekende leesbaar. Doen dit gerus en sing dit, want dit is baie mooi.

Prof Hans Boon

Bronne:
Du Plessis H 2002. ***Boegoe vannie liefde****. Lapa.*
Ohmann HM 1988. ***Hooglied:de koning te rijk****. De Vuurbaak.*
Revius J 1986 (verwerking deur Strengholt). ***Het hoghe Liedt Salomons****. Den Hertog.*
Van Deursen F 1988. ***Hooglied****. Buijten en Schipperheijn.*
Van der Waal C 1969. ***Sola Scriptura 2****. Oosterbaan en Le Cointre.*
Visser R 2009. ***Ik hou zo van je: toepasselijke verklaring van het boek Hooglied****. Van Berkum.*

Die REFORMASIE en die huwelik

Tema: Die huwelik

Die Reformasie in die sestiende eeu het in baie opsigte die kerklike en gewone lewe van gelowiges bevry uit die tirannie van die Roomse dwaalleer. Die huwelik is weer erken as 'n Goddelike instelling en is nie meer verbied vir priesters en/of predikante nie. Met die gevolg dat die onbybelse selibaatplig afgeskaf is. Ons wil in hierdie artikel kortliks die situasie skets van hoe die huwelik beskou is voordat die Reformasie plaasgevind het en daarna enkele kenmerkende menings van die Reformatore aanhaal insake die reformatoriese siening oor die huwelik.

Die huwelik vóór die Reformasie
Voordat die Reformasie plaasgevind het, is die huwelik beskou as uit en uit 'n kerklike aangeleentheid. Die oorsaak daarvan is geleë in die feit dat huwelik en seksualiteit as iets minderwaardigs beskou is, as iets van 'n mindere orde. Augustinus se opvatting oor die huwelik het hierin ook 'n rol gespeel. Die seksuele begeerte het Augustinus verstaan as die erfsonde. Sy bekende bekering kry onder andere daarin gestalte om geheel en al bevry te wees van die seksuele lewe. Hy beskou die seksuele lewe van twee getroude mense as sondig, maar dit is egter 'n vergeeflike sonde, waarby die kerk die genade van vergewing kan uitdeel. Andersyds is erken dat gemeenskap tussen man en vrou noodsaaklik is om kinders in die wêreld te kan bring. Die Roomse kerk het die huwelik gekaap en die selibaat verpligtend vir priesters gemaak, maar nogtans die huwelik as 'n heilige sakrament verklaar. Daardie mening was egter foutiewelik gebaseer op die woorde uit Efesiërs 5:32 : "Hierdie verborgenheid is groot" (huweliksverhouding tussen man en vrou). Die woord "verborgenheid" is in Latyn vertaal as *sacramentum*, in Grieks is dit *mustereon,* misterie, geheimenis.

Hierdie dualistiese beskouing oor die huwelik – naamlik aan die een kant iets van 'n mindere orde (nie geestelik) en aan die ander kant 'n sakrament, iets wat heilig is – veroorsaak 'n verdere dwaling, naamlik dat die huweliksband nie verbreek kan word nie; derhalwe is egskeiding onmoontlik verklaar. Augustinus het ook voorkeur gegee aan die ongetroude lewe en dit hoër geag as die lewe van getroudes.

Jan de Bakker: eerste Nederlandse protestantse martelaar

Die geskiedenis van Jan de Bakker is in hierdie opsig insiggewend, naamlik hoe die Roomse dwaling oor die huwelik die verwurging en verbranding van Jan de Bakker op die brandstapel in 1525 te Den Haag tot gevolg gehad het.

... gesterf op die brandstapel, omdat hy getrou het...

Jan de Bakker is gebore in 1499 te Woerden. Na sy studies in Utrecht en Leuven is hy in 1522 tot priester gewy. Hy het die nuwe leer van Maarten Luther aangehang en hervormingsgesinde preke gehou. Die vernaamste rede waarom hy as ketter veroordeel is, is omdat hy in die geheim 'n vrou getrou het. Met sy verhoor het hy erken dat hy getroud was.

> *"Ik beken en belijd dat ik een huisvrouw getrouwd heb, maar in 't geheim zonder een enkele getuige; en wel daarom heb ik het gedaan, dat ik in geen hoererij of dartelheid vallen zoude, naar het Woord van des heiligen apostel Paulus: Een iegelijk hebben zijn eigen vrouw om onkuisheid (hoererij) te vermijden, en verder: het is beter te trouwen dan te branden. Dit zijn immers klare getuigenissen der Heilige Schrift".*



Detail van die martelaar Jan de Bakker in die gebrandskilderde gedenkvenster in die Grote of Jacobskerk te Den Haag, geskilder deur Max Nauta en in 1930 onthul, vier eeue na sy dood.

Jan de Bakker se beroep op die Skrif om 'n huwelik aan te gaan, om sodoende hoerery te vermy (1 Kor 7:1) was in die kol, maar vir sy aanklaers het dit op dowe ore geval omdat die Roomse kerk in daardie tyd die kenmerke vertoon het van die valse kerk, soos bely in Artikel 29 van die NGB:

> *"Wat die valse kerk betref:* ***Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God****; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie,* ***maar neem weg en voeg by na eie goeddunke;*** *dit vertrou meer op mense as op Christus en* ***dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe*** *en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf".*

Jan de Bakker het juis 'n vrou getrou om kuis te kan lewe en om sodoende hoerery te vermy. Hierdie rede is later opgeneem in die huweliksformulier van die Palts (1563) as derde doel van die huwelik:

> *"opdat een iegelijk, alle onkuisheid en boze lusten vermijdende, met een goede en geruste consciëntie moge leven; want om hoererij te vermijden, zal een iegelijk man zijn eigen vrouw hebben en een iegelijk vrouw haar eigen man. Alzo dat allen, die tot hun jaren gekomen zijn en de gave der onthouding niet hebben, naar het bevel van God, verbonden en schuldig zijn, zich tot den huwelijken staat, naar Christelijke ordening, met weten en wil hunner ouders, of voogden en vrienden, te begeven; opdat de Tempel van God, dat is ons lichaam, niet verontreinigd worde; want zo iemand den Tempel Gods schendt, die zal God schenden".*

Vreemd genoeg is hierdie derde doel weggelaat in ons huidige huweliksformulier, omdat dit vir die grootste deel 'n Afrikaanse vertaling is van die huweliksformulier van ons susterkerke in Nederland, Kanada en Australië. Die huweliksformulier soos in gebruik by die GKSA het die derde rede wel gehandhaaf.

Roomse selibaatspraktyk

Vir priesters was dit verbied om 'n vrou te trou, maar hulle is wel toegelaat om 'n bywyf (konkubine) aan te hou. Dit wys onteenseglik op 'n dubbele moraal, of skynheiligheid van baie Roomse geestelikes. Na die Lateraanse konsilie van 1139 is die selibaat (ongehude staat) verpligtend gemaak, 'n algemene kerkwet vir geestelikes. Maar in die praktyk het baie priesters gewoonweg voortgegaan met hul buite-egtelike

verhoudings met vroue. Die verpligte selibaat vir priesters het 'n karikatuur geword. 'n Amerikaanse psigoterapeut, Richard Sipe, wat baie navorsing oor die sekslewe van Rooms-katolieke priesters gedoen het, het onlangs verklaar dat, op grond van sy ondersoek, tenminste 50 persent van die Roomse geestelikes seksuele kontakte met vroue onderhou.

Selibaat is onbybels... die huwelik in 'n skeppingsinstelling van God.

Die huwelik tydens en na die Reformasie

Die Reformatore het weggedoen met die Roomse beskouing van die huwelik en die verpligte selibaat as onbybels verklaar. Luther het die huwelik baie hoog geag en het die selibaat beskou as 'n uitvinding van die duiwel, waarskynlik in navolging van Paulus toe hy aan Timotheüs skrywe:
dat sommiges van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en ***leringe van duiwels sal aanhang****, deur die geveinsdheid van leuenaars (skynheilige leuenaars) . . .* ***wat verbied om te trou****".*
Luther het self 'n voormalige non, **Catharina van Bora**, getrou. Hul huwelik was baie gelukkig en is geseën met ses kinders. Volgens Luther sit die sonde nie in die seksualiteit nie, maar in die wil van die mens wat tot sonde geneig is. Luther verwerp die Roomse beskou-ing dat die huwelik 'n sakramentele karakter sou hê. Hy het die sluiting of aangaan van die huwelik losgemaak van die kerk en daardie funksie oorgedra aan die staat. Wat die kerk moet doen, is om ná die egverbintenis die huwelik in te seën; vir daardie doel het Luther 'n eie liturgie ontwerp.

Luther

Luther is geen voorstander van egskeiding nie. Dit is vir hom erger as bigamie ('n man met twee vroue). Alleen by egbreuk is egskeiding geoorloof. Ook wanneer 'n man wegloop, mag die vrou hertrou. Merkwaardig is Luther se opvatting insake impotensie. Wanneer 'n man weet dat hy impotent is en nogtans trou, dan bedrieg hy sy vrou en is dit 'n rede vir egskeiding.
Oor sy eie vrou het Luther verklaar: Sy is vir my meer werd as die koninkryk van Frankryk en die republiek Venesië, want sy is 'n vrome en eerbare vrou en 'n opregte gelowige, deur God aan my gegee. Verder sê Luther: *As 'n man dit alles oorweeg, sal hy gemaklik klein verskille of moeilikhede kan verdra en homself beheers wanneer daar 'n aanleiding is om te twis, welke onmin die satan so graag tussen man en vrou saai.*

Calvyn

Net soos by Luther was die huwelik geen teoretiese aangeleentheid nie. Calvyn het die huwelik beskou as 'n ordinansie, 'n instelling van God, 'n goeie gawe van God. Die mens het die huwelik nodig as hulp. Die eerste doel van die huwelik is nie die verwekking van kinders nie, maar die onderlinge hulp en bystand wat man en vrou aan mekaar verskuldig is. Die huwelik is 'n afskaduwing van die huwelik van Christus en sy gemeente. Dat die man die hoof is van sy vrou, is meer 'n saak van samewerking as van oorheersing. Die vrou is eerstens die man se lewensgesellin en daarna moeder vir haar kinders. Insake die seksualiteit moet matiging in die genieting daarvan betrag word. Calvyn is genuanseerd insake die ongetroudes, want nie almal besit die genadegawe om ongetroud te bly nie. Die huwelik is heilig en egskeiding is slegs geoorloof in geval van owerspel; dan is die huwelik reeds verbreek. Calvyn was van mening dat die ouers se toestemming nodig is voordat 'n paartjie kan trou. Volgens die kanonieke Roomse kerklike reg was dit nie nodig nie – 'n bewys dat die Rooms-katolieke kerk die gesag van die ouers geminag het.

Calvyn was self getroud met 'n vrou uit sy eie gemeente. Dit was 'n jong weduwee met die naam van **Idelette de Bure Stordeur**. Hulle is in Augustus 1540 getroud. Calvyn het die huwelik baie waardeer, aangesien Idelette vir hom 'n groot ondersteuning in sy bediening was. Calvyn was platgeslaan toe Idelette in 1549 sterf. Hy skryf as volg aan sy vriend Viret: *My hartseer is baie groot. My beste lewensmaat is van my weggeneem. Wanneer ek ernstige moeilikhede in die gesig gestaar het, dan was sy gereed om nie net verbanning en armoede in die gesig te staar nie, maar selfs ook die dood."*

Samevatting

Deur die Reformasie word die huwelik gesien as 'n skeppingsinstelling van God. Huwelik en gesin vorm die grondstruktuur van die menslike samelewing. Die seksualiteit het haar eie plek binne die huwelik en is 'n goeie gawe van God. Deur die aanvaarding van die beginsel: alleen die Skrif (Sola Scriptura), is die huwelik bevry uit die knellende bande van menslike bepalings, soos onder andere die onskriftuurlike en onnatuurlike instelling van die selibaat, wat juis hoerery bevorder. Die huwelik het drie elemente: liefde en trou, kinders en beskerming teen ontug. Die eie taak van die kerk bestaan nie in huweliksluiting of voltrekking nie, maar in die huweliksbevestiging of inseëning.

Henk Schuring *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Gedagtes oor SKEI en HERTROU

Tema: Die huwelik

Na aanleiding van Arthur van Delden se boek: *For as long as you both shall live – a scriptural and historical study of remarriage after divorce* (Kelmscott, Australia: Pro Ecclesia, 1998).

Alhoewel daar blykbaar baie sinodeverslae is, is daar min boeke wat spesifiek oor skei en hertrou gaan. So ver ons weet geen boeke in Suid Afrika nie. Vandaar die belangstelling in die boek deur Ds Van Delden. Ook omrede dit afkomstig is van een van ons susterkerke en aan die ander kant 'n bietjie buite die konteks val van wat in Nederland die afgelope jare gedoen is.

In die inleiding tot die boek noem Van Delden dat intensiewe studie van die Bybel en relevante publikasies daartoe gelei het dat hy sy standpunt, naamlik dat hertrou na wettige skeiding toelaatbaar is, moes hersien. Hy was ietwat huiwerig om sy resultate te publiseer, omdat dit verskil van die gangbare mening.

Die huwelik is 'n verbond. 'n Verbond is 'n formele wettige ooreenkoms met beloftes en vereistes waarop 'n verhouding tussen twee of meer mense tot stand kom. Die huwelik is egter nie 'n gewone ooreenkoms nie. Dit is inteendeel 'n goddelike instelling. Dit beteken dat God die voorwaardes van die verbond vasstel. Dit beteken ook dat Hy die voorwaardes bepaal vir skeiding. Hy is getuie van die beloftes wat gemaak is. Omdat die huwelik 'n goddelike instelling is, moet die heilige Skrif ons siening oor die huwelik beheers.

Die belangrike vraag is of skeiding die huweliksverbond tot niet maak en die partye vrystel van die eed wat gedoen is, om sodoende hertrou toelaatbaar te maak.

Die terme vir skei wat in die Ou Testament gebruik word, kan nie eintlik help om die vraag te beantwoord nie. Skei verwys gewoonweg na die daad van wegstuur of verban. Die gebruik van die term skei in die Nuwe Testament help ook nie veel nie. Dit is nodig om verder te lees as net die gebruik van die woord self. Dit is nodig om die Skrif as geheel te ondersoek om vas te stel wat die gevolge van skei is vir die huwelik. Daarby is dit 'n goeie ding om naas die moderne uitleg van die Skrif ook aandag te vra vir die uitleg oor die eeue.

Die heilige instelling van die huwelik is 'n afbeelding van God se verbond met Sy volk (Jer 2:2 en Eseg 16:8 en Hos 2:19). Christus se verlossende werk is deel van die verbond van God met die mens. Dit is dan ook nie vreemd nie dat Christus se verhouding met die kerk weer deur Paulus afgebeeld word vir die huwelik (Ef 5:23-25). Daarom is dit nodig dat ons oor sake van skei en hertrou kennis neem van hoe God handel met sy ontrou 'vrou' naamlik sy verbondsvolk.

Na herhaalde waarskuwings van die profete bereik die HERE 'n punt van skeiding (ballingskap) as die laaste uitweg. Hierdie skeiding het egter nie die verbond met Sy volk opgehef nie. Die skeibrief is nog nie uit nie (Jer 3:8), of Hy doen 'n beroep op berou en herstel. As hulle hul bekeer, sal Hy genadig wees en haar terugneem (Jer 3:14). Dieselfde geld vir die Jode wat die Messias ontken (Rom 11:1). Dit is duidelik dat God se huwelik met sy volk nie opgehef word met die skeiding nie.

Van Delden is van mening dat die norm van die verbond van God met Israel ook geld vir sondige mense wat skei. Ons is herskep na die beeld van God (Kol 3:10). As God so ver gaan om die verhouding te herstel met die vrou wat Hy geskei het, geld dit net so ook vir ons. Ons kan dus nie sê dat skeiding die oorspronklike huweliksverbond tot niet maak nie. Hierdie gedeeltes leer ons om ernstig pogings aan te wend om die geskonde verhouding (egskeiding) te herstel.

Die skrywer maak dan die volgende gevolgtrekkings:

Wat leer die Ou Testament ons?

- Die HERE maak nie voorsiening vir wettige skeiding in die Ou Testament nie. Daar was geen wettige gronde nie. Alhoewel skeiding aanvaar is, was skeiding in alle gevalle onwettig. Skeiding was aanvaar weens die hardheid van hul harte. Dit moet verstaan word soortgelyk aan die aanvaarding van poligamie. Die gee van 'n skeibrief het slegs ten doel gehad om die vrou teen uitbuiting te beskerm (soos 'n attestaat).
- Geskeides was verplig om te versoen. Hulle moes ongetroud bly, nie net om hereniging moontlik te maak nie, maar ook om owerspel te voorkom.
- Versoening na skeiding was moontlik behalwe wanneer die geskeide party 'n ander getrou het.

Wat leer die Nuwe Testament ons?

- Die enigste wettige grond vir skei is owerspel.
- Enigiemand wat onwettig skei, veroorsaak owerspel.
- God verbied hertrou na sowel wettige as onwettige skeiding.
- Hertrou is slegs toelaatbaar na die afsterwe van die eggenoot/eggenote.

Die vroeë kerkvaders

- Met die uitsondering van Ambrosius was die vroeë kerkvaders (eerste 500 jaar n.C.) van mening dat die Skrif hertrou na skeiding verbied.

Gedurende die Middeleeue het die siening op die huwelik verander. Augustinus het die huwelik 'n tipe sakrament genoem. Hierdie gedagte het later ontwikkel in die siening dat die huwelik inderdaad 'n sakrament is. Teen hierdie agtergrond was skeiding verbied. Hierdie standpunt was nuut en het verskil van die vroeë kerkvaders wat die huwelik as onbreekbaar beskou het, nie omdat dit 'n sakrament is nie, maar omdat hulle dit beskou het as 'n lewenslange verbond. Erasmus plaas die standpunt oor skei en hertrou binne die konteks van die uiteindelike redding van die mens. As 'n ongelukkige huwelik iemand tot verder sondes kan lei, plaas dit hom/haar onder die oordeel van die kerk en van God. Om dit te voorkom, moet die kerklike standpunt oor skei en hertrou hersien word. By die hervormers (Luther, Melanchton, Zwingli, Bullinger, Bucer, Vermigli, Calvyn) was daar verskillende sienings. Die hervormers het gemeen dat skei soortgelyk is aan die effek van die doodstraf wat in die Ou Testament voorgeskryf was vir owerspel, naamlik dat 'n huwelik dan tot niet is. Die Westminster Konfessie (24:4) laat skei en hertrou toe in gevalle van owerspel.

Van Delden is van mening dat volgens die Skrif en die vroeg-Christelike kerk die dood die enigste oorsaak is wat die oorblywende huweliksmaat vrystel van die huweliksbbelofte. Hertrou is dan slegs toelaatbaar in die geval van afsterwe van die eggenoot/eggenote.

Pastorale oorwegings

- Moet toegewings gemaak word vir hulle wat swak is? Soos in die ou bedeling (Ou Testament)?
- Die nuwe bedeling maak nie voorsiening vir toegewings om ongehoorsaam te wees aan God se Woord nie.
- Wat gedoen in gevalle waar hertrou na skeiding plaasvind?



- Vir baie jare het die kerk hertrou na wettige skeiding toegelaat. Aanvanklik slegs toegelaat vir die onskuldige party, maar later ook die skuldige party.
- Soos in die geval van alle sonde, moet daar berou wees.

Eksemplare van bogenoemde boek is beskikbaar by Folmer Boekhandel.

Douwe Drijfhout *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Bevordering van die HUWELIK op die SENDINGVELD

Tema: Die huwelik

Die townships in Suid-Afrika reflekteer 'n botsing van kulture op groot skaal. Daar is min dinge waarin dit duideliker na vore kom as wanneer 'n mens oor die huwelik praat. Histories ken elke stam in Afrika sy eie tradisies met betrekking tot die huwelik. Dan praat ons nie net oor sake soos poligamie nie, maar ook oor die manier waarop 'n huwelik tot stand behoort te kom. In die townships het die postmoderne Westerse kultuur egter 'n groot invloed. Daar is 'n al hoe groter tendens om glad nie meer te trou nie. As gevolg van die groot aantal gebroke huwelike en egskeidings raak die nuwe generasie al hoe skeptieser oor die huwelik. Die (sendings)kerke in die townships word ook hierdeur geaffekteer. Die meerderheid gesinne is enkelouer-gesinne.

In die lig hiervan wil ek graag u aandag vestig op twee onlangse inisiatiewe wat opkom vir die huwelik soos God dit ingestel het.

A. Nuwe sinodebesluit oor huweliksbevestiging

Die onlangse Sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die besluite oor huweliksbevestigings opgedateer. Ek neem enkele gedeeltes oor uit die Sinode se Handelinge:

Huidige status

Die huidige status berus op 'n sinodebesluit uit 1990. Die huweliksluiting en -bevestiging behoort plaas te vind in dieselfde seremonie, wat 'n private aangeleentheid is.

Oorwegings

Na 1990 is 'n ontwikkeling in die kerke sigbaar dat huweliksbevestigings nie altyd toeganklik is vir die gemeente in terme van tyd en plek nie. Verder is die plek nie altyd bevorderlik vir die aanbidding van God nie.

Die sinodebesluit van 1990 het ook nie rekening gehou met die kulturele aspekte in die Sotho-sprekende gemeentes nie. Hierdie kerke wil juis 'n meer prominente rol speel by huweliksbevestigings. Die heidense tradisies met betrekking tot die huwelik veroorsaak baie probleme vir 'n paartjie en vir die gemeente. Dikwels word die huwelik slegs as 'n familie-aangeleentheid gesien. Die kerk wil ook 'n groter rol speel wat betref 'n billike bruidskat (*lobola*). 'n Te hoë bruidskat veroorsaak dikwels dat paartjies vooruitgryp op die huwelik.

Die bevestiging van 'n huwelik behoort 'n illustrasie te wees van die bruilof tussen Christus en sy kerk. Daarom is dit passend as 'n huweliksbevestiging ook 'n erediens is, wat saamgevier word deur die hele gemeente. Ongelukkig laat die 1990-besluit dit nie toe nie. Die veranderende omstandighede behoort daarom te lei tot 'n herevaluasie van die besluite oor huweliksbevestigings. Die Sotho-sprekende kerke wil 'n meer prominente rol in huweliksbevestigings speel.

Nuwe sinodebesluit

1. Om die besluit van 1990 artikel 16(b) as volg te wysig: Die bevestiging van huwelike kan plaasvind òf in 'n private samekoms òf in 'n kerkdiens in terme van artikel 68 van die Kerkorde. Die plaaslike kerk kan hieroor besluit.
2. Om kerkrade aan te moedig om hulle betrokkenheid te verhoog in die leiding gee aan verloofde paartjies in die voorbereiding op 'n waarlik Christelike huwelik. Dit behoort onderrig en leiding in te sluit met betrekking tot die Christelike karakter van die huweliksbevestiging.

B. Huweliksbeleid ('Marriage Policy')

Die sendingspan in Klassis Noord het onlangs 'n dokument opgestel wat die *Marriage Policy* genoem word. Die doel hiervan is om aan gemeentelede konkrete en kultuurspesifieke leiding vanuit die Bybel met betrekking tot die huwelik te gee. Ek deel hierdie dokument graag met u:

Inleiding

Die *Free Reformed Mission Team* het besluit om 'n huweliksbeleid op te stel, wat in die kerke gebruik kan word op dieselfde wyse as wat die *begrafnisbeleid* gebruik word.

Ons neem ons vertrekpunt in 1 Korinthiërs 7, waar die apostel Paulus stel dat Christene slegs "*in die Here"* kan trou (vers 39). Bruid en bruidegom behoort in alles gehoorsaam aan God te wees en Hom te eer.

Die Bybel verwys meerdere kere na Genesis 2:24: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees." Dit is *God* se *basiese reël* wat betref huwelik en seksualiteit.

Jeug

a. In ooreenstemming met die Bybel moedig ons die kerkjeug aan om net met Christelike maats *uit te gaan*. 'n Seun of meisie wat Christus nie ken nie, is nie 'n geskikte vriend of vriendin nie. Soos die apostel Paulus waarsku: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (2 Korinthiërs 6:14-18). Seuns en meisies moet nie net rondspeel nie, maar slegs uitgaan met die voorneme om moontlik te trou.
b. Ons roep ons jongmense ook op om weg te bly van *seks voor die huwelik*. Seksuele omgang word gegee as verryking van getroude paartjies, nie as 'n genotmiddel nie. "Ware liefde wag."
c. Die Bybel maak dit duidelik dat nie elke Christen bestem is om getroud te raak nie. Sommiges ontvang dieselfde *gawe* as die apostel Paulus: *om ongetroud te bly* (1 Korinthiërs 7:7-8 en 32-35).
d. *Eensaamheid* is 'n groot probleem. "Dit is nie goed vir 'n man/vrou om eensaam te wees nie." Tog kan los seksuele kontakte nooit 'n oplossing vir eensaamheid wees nie.

Voor die huwelik

a. Die kerk bied begeleiding en berading voor die huwelik aan, om paartjies te help voorberei vir 'n huwelik "in die Here". Dit neem tyd. Paartjies moet daarom met hulle predikant ten minste ses maande voor die beplande huwelik kontak opneem.
b. Die tradisionele huwelik word gesluit wanneer twee families tot ooreenstemming gekom het dat twee mense behoort te trou. Ongeag of die bruidskat (*lobola*) wel of nie betaal is nie, of selfs in die geval wanneer dit nog nie volledig betaal is nie, aanvaar ons die tradisionele huwelik as wettig.

Desnieteenstaande beveel ons die paartjies aan om hulle huwelik ook by die owerheid te registreer en in die kerk te bevestig. Dit is belangrik dat die kerklike huweliksbevestiging nie uitgestel word as gevolg van geld nie, omdat 'n mens 'n groot fees wil hou. Ons moedig paartjies aan om die stappe van die huwelik nie te lank uitmekaar te plaas nie.
c. Om saam te woon as man en vrou sonder om wettig getroud te wees, is 'n sonde.
d. Ons adviseer Christelike ouers daarom om nie 'n te hoë bruidskat (*lobola*) te vra nie. Families behoort dit nie vir hulle kinders moeilik te maak om te trou nie, maar moet hulle eerder help om volgens God se gebooie te lewe. Daar moet oop kommunikasie wees tussen die paartjie en hulle families, veral die toekomstige bruid en haar familie.
e. Somtyds het paartjies al vir baie jare *saamgewoon* sonder dat hulle getroud was. Ons moedig hulle aan om hulle huwelik wettig te sluit, ook ter wille van die kinders.

Huwelik
a. Ons moedig paartjies aan om hulle huwelik *in te seën* in die teenwoordigheid van die gemeente. Dit is van die grootste belang om geloftes voor God se aangesig te maak, met die gemeente as getuie.
b. Dit kan slegs gebeur as beide toegewyde Christene is. As een van hulle nie is nie, sal ons die huwelik nie bevestig nie. Paartjies moet die kerk nie in hulle tydsbeplanning probeer indruk nie. Dit vat tyd vir 'n predikant om 'n paartjie te leer ken.
c. Ons aanvaar nie die *tradisie* dat paartjies behoort te trou in die bruid se kerk en daarna by die bruidegom se kerk aansluit nie. Paartjies moet hulle eie besluit neem en trou in die kerk waar hulle lidmate is.
d. Die paartjie moet saam lid wees van dieselfde kerk. Eenheid in 'n familie vereis kerklike eenheid.
e. Ons moedig paartjies aan om 'n *Christelike lewe* te lei. As 'n kerk sal ons hulle begelei wat betref die doop en opvoeding van hulle kinders.
f. Wanneer 'n kerklid getroud is met 'n *nie-Christen*, sal daardie persoon ingesluit wees in die pastorale sorg van die kerk, want "die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man" (1 Korinthiërs 7:14).

Egskeiding
a. Christene mag nie *skei* nie: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Markus 10:9) Die enigste uitsondering wat die Here maak, is owerspel (Mattheüs 5:32 & 19:9). Owerspel verbreek die wedersydse vertroue in die huwelik.
b. Christene wat onwettig geskei het, mag nie *hertrou* nie. Die Here beveel dat "die vrou nie van die man moet skei nie; en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie." (1 Korinthiërs 7:10-11)

Vergewing
a. Hierdie huweliksbeleid dek nie alle situasies nie. Soms moet ons situasies aanvaar waar dinge verkeerd geloop het en nie herstel kan word nie. In alle gevalle moet die kerk egter aandring op skulderkenning, skuldbelydenis en ware bekering.
b. "Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." (Spreuke 28:13)

Te midde van 'n kultuur waarin die huwelik al hoe meer aan invloed inboet, is dit 'n verademing om kennis te neem van hierdie twee dokumente. Ook in die 21e eeu behoort die kerk van Christus positief die regte koers aan te dui. So is ons 'n lig op 'n berg en 'n soutende sout.

Ds PG Boon *is sendeling in Soshanguve.*

KONFLIKHANTERING in die HUWELIK

Onderhoude & Verslae

Die Gemeente-opboukommissie het op Donderdag 28 Julie die VGK Pretoria-gemeente se kerkgebou opgefleur met kerse, warm vure, sjerrie en sap om die meer as 250 verliefdes, verloofdes en getroudes te verwelkom by dr Arnold Mol se aanbieding.

"...maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n."

Met dié woorde uit Filippense 2: 1-5 het dr Mol sy aanbieding oor konflikhantering begin. Sy eerste vraag aan die luisteraars was: "Watter paartjie wat hier sit, het nog nooit met mekaar baklei nie?" Vir dié wat hulle hande opgesteek het, was sy direkte raad: "Gaan vir berading sodat julle kan leer baklei."

Want dit is nie konflik wat verkeerd is nie, maar die wyse waarop dit hanteer word. Met fyn humor en toepaslike voorbeelde het hy ons geboei. Die aand was 'n moeitelose leerskool. Dr Mol het verduidelik dat kommunikasie die belangrikste dimensie in enige intieme verhouding is. Daarsonder kan geen verhouding werk nie. Die huwelik bring 'n verdere twee dimensies met hom saam: **gesamentlike besluitneming** en **verwagting en "regte"**. Bogenoemde twee sake veroorsaak potensiële konflik. 'n Gelukkige huwelik word bepaal deur die wyse waarop ons in konfliksituasies reageer.
Dr Mol het gewys op negatiewe reaksies teenoor jou huweliksmaat. Kritiek teenoor iets wat jou lewensmaat doen, lei outomaties daartoe dat hy/sy hom-/haarself wil verdedig. Dit word soos 'n kompetisie wat ten alle koste gewen moet word. 'n "Is-is nie"- gesprek is alles behalwe opbouend vir verhoudings. Dit is afbrekend en blaas die konfliksvure net nog hoër op.
Dieselfde geld vir vinnige redeneerders wat met gladde praatjies die een aanval na die ander loods. Dit laat die wederhelf soos 'n verloorder voel. Outomaties reageer hy/sy verdedigend en word stilstuipe in hierdie geval as 'n goeie aanvalstegniek gebruik. Goeie redenering en stilstuipe is 'n dodelike kombinasie.
Kommunikasie word so heeltemal uitgeskakel. Die kommunikasie wat in so 'n situasie oorbly, is negatief en afbrekend. Elkeen is op sy manier besig om die ander een emosioneel te manipuleer. Dit lei tot vermyding/afsydigheid deur een of albei partye.
Hoe hanteer jy dan konflik? Dr Mol het gewys op die wen-wen benadering. Dit beteken dat man en vrou nie teenoor mekaar staan nie, maar langs mekaar moet gaan staan. Gebruik die "ons-teen-die-probleem"-benadering, en nie die "ek-teen-jou"-benadering nie. So'n benadering vereis dat beide partye erken dat die ander een reg is.
Tweedens moet daar gefokus word op die toekoms. Wat kan ons doen om hierdie situasie of misverstand in die toekoms te vermy? Derdens is dit belangrik om te hou by reëls wat vasgestel is. Stel duidelik wat jy graag in sekere situasies wil hê moet gebeur. Hier kan die woord "graag" wondere verrig.
Dikwels is dit nodig dat daar na verskillende alternatiewe oplossings gekyk word. Identifiseer die voor- en nadele van elke alternatief. Elke alternatief sal negatiewe aspekte ook skep. Die geheim lê egter daarin dat julle bereid is om saam na 'n oplossing te soek. En dit wat die beste vir julle altwee werk, te implementeer. Saam strewe na 'n wen-wen situasie. Dit kan egter gebeur dat daar by sekere konfliksituasies nie konsensus bereik kan word nie. In dié geval moet iemand die finale woord hê. Die man neem in so 'n geval die finale besluit met liefdevolle inagneming van sy vrou. Dit beteken dat die vrou haar man se besluit aanvaar en heelhartig ondersteun. Efesiërs 5:22,25.

Vir die vroulike geslag is dit darem moeilik om te sluk! Selfs al word dit vir ons Bybels verantwoord. Dr Mol het egter die ligter sy van die saak ook belig. Wanneer 'n vrou haar man toelaat om die finale woord te hê, gaan hy in elk geval doen wat sy voorgestel het...

Dikwels is daar in verhoudings irritasies en wrywing. 'n Normale reaksie is om kritiek uit te spreek. Die reaksie wat op sodanige kritiek volg, kan wees om stil te bly of om 'n teenaanval te loods. Beide reaksies skep 'n wen-verloor situasie. Niemand hou daarvan om beledig of gekritiseer te word nie. Outomaties skop jou verdedigingsmeganisme in.
Dr Mol lê sterk klem op die wen-wen benadering. Moenie aanval nie, berei jou maat voor deur toestemming te vra vir dit wat jy oor hom/haar wil sê. Vra toestemming as jy iets in die verhouding wil verander. Gebruik ook die "ek"-boodskap, nie die "jy"-boodskap nie.

Dr Mol het sy aanbieding kort en kragtig afgesluit: " 'n Gelukkige huwelik is wat jy daarvan maak in volle afhanklikheid van God en 'n hartlike liefde vir jou naaste soos wat jy ook jouself liefhet."

Dr Mol se toespraak was gebaseer op sy boek oor konflikhantering: "Kom ons wen saam". Die boek is nie meer op die winkelrakke beskikbaar nie, maar is verkrygbaar deur hom self te kontak. Sy e-posadres: arnoldmol@mweb.co.za en webwerf: www.arnoldmol.co.za
Die boek is ook by Folmer Boekhandel beskikbaar.

Christine Hordijk & Wilma Pouwels

EENHEID in CHRISTUS - samesprekings tussen gemeentes van die VGKSA en die GKSA in Pretoria

Kerknuus (samesprekings)

Ontstaan

Sowel die sinode van die VGKSA as die sinode van die GKSA het in 2009 na gemeentes uit die onderskeie kerkverbande die oproep laat uitgaan om mekaar op plaaslike vlak op te soek en in gesprek te tree. Op daardie stadium was daar reeds gesprekke tussen die VGK Pretoria en die GK Die Kandelaar. Kort daarna het die VGK Pretoria-Maranata ook deel geword van hierdie gesprekke. Vervolgens het die twee VGK-gemeentes onafhanklik van mekaar ook ánder naburige Gereformeerde Kerke opgesoek (VGK Pretoria het kontak gemaak met GK Oos-Moot en VGK Pretoria-Maranata met GK Totiusdal). Maar omdat al hierdie gemeentes geografies binne enkele kilometers van mekaar geleë is, is al spoedig die gedagte geopper om die gesprekke in 'n enkele gespreksforum saam te voeg. Op 5 Augustus 2010 het die eerste gesprek tussen afgevaardigdes van die vyf gemeentes plaasgevind (VGK Pretoria, VGK Pretoria-Maranata, GK Die Kandelaar, GK Oos-Moot, GK Totiusdal).

'n Eenvoudige begin…

Die gesprekke het 'n eenvoudige begin gehad, waarby die vraag aan die orde gekom het: hoekom is ons hier bymekaar? Wat is ons doel? Vanuit die Skrif het die afgevaardigdes mekaar gewys op die eenheid wat Christus vir sy kerk verdien het, met die gepaardgaande opdrag om dan ook daadwerklik een te wees. Om aan hierdie gawe én opdrag uiting te gee, is besluit om 'n gesamentlike doelstelling en werkswyse vir die samesprekings op te stel. Na verskeie rondtes van gesprekke, insette van gemeentelede en goedkeuring deur die onderskeie kerkrade, is die volgende resultaat bereik:

Doelstellings en werkswyse vir samesprekings tussen die gemeentes binne die verband van die GKSA en die VGKSA

---

1. Doelstellings

1.1 Die uiteindelike doelwit van die samesprekings is dat ons, as gemeentes wat almal volgens die Bybel in liefde vir Christus wil lewe, Christus sal volg.
En om sodoende tot die eenheid te kom waarvoor Christus gebid het, naamlik dat almal wat deur die apostoliese woord in Hom sal glo, "een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U" (Joh 17).

1.2 Hierdie strewe moet gebaseer wees op wat Christus self in Mattheüs 12:30 sê: "Hy wat nie met My is nie, is teen my; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi." En volgens Markus 9:40 waar die Here Jesus vir sy dissipels sê: "want wie nie teen ons is nie, is vir ons."
Ons ontvang dus 'n duidelike oproep om saam met Christus te versamel. Om saam met almal wat hulle saligheid buite hulleself en slegs in Jesus Christus soek, hierdie eenheid te vind.

1.3 Ons moet erken dat daar om verskeie redes en onder bepaalde omstandighede en tye gemeentes van Christus kan wees wat nie in een kerkverband saamleef nie.
Ons erken egter van mekaar die wil om gemeentes van Christus te wees, en streef daarna om die beeld van 'n verdeelde Christus (1 Kor 1:10-13) so spoedig moontlik weg te neem.

1.4 Ons gesamentlike bede is dat hierdie samesprekings mag lei tot volle erkenning van mekaar in die eenheid van die geloof in Jesus Christus. 'n Eenheid wat uiteindelik sal lei tot eredienste waar kanselruil moontlik is (Woordverkondiging) en waar die gebruik van en die versterking deur die sakramente ook gesamentlik gedeel en ervaar kan word.

1.5 Bo alles, dat dit mag strek tot verheerliking van God se groot Naam.

2. Die werkswyse is om deur middel van oop gesprekke:

2.1 met mekaar (as kommissies, kerkrade en gemeentes) in verbinding te tree, en sodoende mekaar beter te leer ken.

2.2 mekaar te toets / te ondersoek / te beoordeel en om moontlike verskille, wat tydens die proses van samesprekings uitwys, met mekaar te bespreek.

Waar ons dieselfde Bybel en belydenisskrifte het en kerkordes in die gees van die kerkorde van Dordrecht 1618 – 1619 gebruik, sal ons mekaar moet ondersoek en toets op grond van die Woord van God.

Hierdie ondersoek sal ook bepaal of ons ten volle een is in leer, diens en tug, soos wat dit in artikel 29 NGB met die drie kenmerke van die ware kerk bely word. Vir die toepassing hiervan sal ons ook gebruik moet maak van hierdie woorde uit artikel 29: "kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."

Die proses van samespreking sal onder andere deur middel van die opgestelde vraelys gedoen word.

2.3 mekaar te ondersteun in die stryd vir die gesonde leer, mekaar op te roep tot 'n lewenswandel in diens van die HERE en om vir mekaar te bid; en

2.4 waar moontlik samewerking op verskillende vlakke te verkry tot bevordering van die gemeenskap van die heiliges.

Hoe verder?

Na hierdie begin was die vraag egter: hoe verder? Die onderskeie kommissies het besluit dat dit goed sou wees om al die vrae wat by die onderskeie gemeentes leef en wat hulle graag aan mekaar sou wou stel, op papier te sit. Hierdie vrae is in 'n enkele dokument saamgevoeg en vervolgens na die onderskeie kerkrade versprei vir beantwoording.

In hierdie dokument is daar onder andere vrae rondom die volgende onderwerpe: Skrif en belydenis, die funksionering van die kerkraad, vrou in die amp, die invulling van die eredienste, sakramente, uitoefening van die kerklike tug, kategetiese onderrig, huwelike, huisbesoeke, die funksionering van die predikante / ouderlinge / diakens, geloofslewe en Bybelstudie binne die gemeentes, die belang van gereformeerde onderwys, sending en evangelisasie, en kerkverbandelike kwessies.
Ten slotte is daar in hierdie vraelys ook 'n vraag spesifiek gerig aan die VGK-gemeentes: wat is die redes vir die bestaan van die VGKSA? Laasgenoemde is 'n baie belangrike vraag wat 'n eerlike antwoord vanuit ons geledere vereis het. Dit het die kommissies van die VGK-gemeentes gedwing om hulle eie kerklike verlede te verwoord en te verantwoord.
Nadat die vraelyste deur die onderskeie gemeentes ingevul is, het die gespreksforum doelbewus begin om die beantwoording van hierdie vraag te bespreek. In die daaropvolgende gesprekke het die forum voortgegaan om dié vrae te bespreek, waaroor daar, by die beantwoording, verskille geblyk het. Meestal moes die afgevaardigdes tot die konklusie kom: "Hierdie verskille is nie prinsipieel van aard nie. Dit is goed om daarvan kennis te neem en van mekaar te leer, maar hierdie verskille skei ons nie van mekaar nie."
By die skrywe van hierdie artikel is die kommissies nog besig om die bespreking van die vraelyste af te handel.

En dan?

Hoe gemaak as ons klaar is met die beantwoording van die vraelyste? Wel, as die proses deeglik gevolg is, as ons mekaar getoets het aan die hand van Skrif en belydenis en die oorblywende verskille nie prinsipieel van aard is nie, dan moet daar die openlike erkenning kan volg: hier het ons te make met kerke van die Here, Jesus Christus. So eerlik moet ons met mekaar kan wees. Dit is wat ons belydenis van ons vra.

Maar wat van die kerkverband? Uiteraard sal die saak van die kerkverband bespreek moet word. Dit kan nie bestaan dat vyf kerke mekaar erken as kerke van Christus, maar verder niks te sê het oor die onderskeie kerkverbande waarvan hulle uit oortuiging deel is nie. As dit wel die geval is, dan het ons die ware betekenis van kerkverband uitgehol tot 'n historiese band, wat ons onbepaald voortsit, sonder om die waarheidsgehalte daarvan te toets.
Kerk***verband*** is altyd ***verbondenheid*** in die waarheid. En as hierdie vyf kerk ***verbonde*** is in die waarheid, dan moet hulle in beginsel bereid wees om ook met die ander kerke in die onderskeie ***verbande verbind*** te word. En as daar prinsipiële sake is wat hierdie verbondenheid in die weg staan, dan moet dit bespreek word. Hier het die deputate van die onderskeie kerkverbande 'n baie belangrike rol om te speel!



Heel links: GK Oos-Moot
Links: GK Kandelaar
Bo: GK Totiusdal

Ten slotte
Ten slotte nog twee algemene opmerkings…

In die eerste plek: wat die gespreksforum bevind het, is dat hierdie spesifieke samesprekings vir 'n groot deel gegroei het uit natuurlike, onderlinge kontakte. Veral tussen ons jongmense. Daardie onderlinge kontakte is goed en mooi. Daar moet egter 'n balans gehandhaaf word tussen die formele gesprekke en die informele kontakte. Enersyds moet die kerklike vraag op 'n kerklike wyse bespreek en beantwoord word. Daarmee bedoel ek: die informele, onderlinge kontakte mag nie as rookskerm gebruik word om sodoende ongesiens na mekaar toe te groei, in die hoop dat daarmee die amptelike gesprekke oorbodig word nie. Nee, die gesprekke moet gevoer word! Andersyds mag die gesprekke nie net in die kerkraadskamers bly lê nie; gemeentelede mag en moet mekaar ook leer ken. Daarom het die gespreksforum besluit om mekaar onderling uit te nooi na gemeentelike aktwiteite soos sangaande, basaars, ens. Ons bede is dat die formele en die informele mekaar só op 'n gesonde manier kan beïnvloed.

Die tweede algemene opmerking het te make met die betrokkenheid van die gemeentes by die formele gesprekke. Binne die gespreksforum is daar 'n groot besef van die belang om die gemeentes in die proses van die samesprekings saam te neem. Dit het geen sin as enkele broeders ná maande en jare se arbeid tot die konklusie kom dat ons een behoort te wees, terwyl die gemeentes nooit werklik in hierdie proses betrek is nie. *Hoe* die onderskeie kerkrade hulle gemeentes moet betrek, gaan ons nie aan mekaar voorskryf nie. Maar dat dit *moet* gebeur, word voortdurend benadruk.

Ek hoop dat die lesers van *Kompas* deur middel van hierdie artikel insig kon kry in die proses wat tans in Pretoria gevolg word. 'n Proses wat nie van mense afhang nie, en wat ook nie deur mense bestuur word nie, maar 'n proses waartoe Christus se bede ons dryf en wat deur sy bede gedra word: "dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U" (Joh 17:21).

Ds Erik van Alten *is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata.*

KERKNUUS

Kerknuus Australië

Daar is nuus op die ***beroepings-front***. Dit was redelik stil vir 'n tydperk. Die Busselton-gemeente het 'n beroep uitgebring op kandidaat Ted van Spronsen van Kanada. Berig is ontvang dat hy die beroep aanvaar het. Hierdie nuwe en klein gemeente is ontsettend dankbaar teenoor die Here dat Hy vir hulle 'n herder en leraar skenk. Die Armadale-gemeente het 'n beroep uitgebring op ds John Louwerse van die Canadian Reformed Church Neerlandia. Ds Louwerse het nie die beroep aanvaar nie. Die gemeente van Rockingham het 'n beroep uitgebring op ds D Poppe van Kanada.

Evangelisasie-konferensie
"Good evening brothers and sisters, Goeienaand broers en susters". So groet ds AJ de Visser

die gehoor op die eerste aand van die evangelisasie-konferensie. Hy kon dit nie weerstaan om die Suid-Afrikaners in Afrikaans te groet nie. Die evangelisasie-kommissies van die kerke in Perth het hulle goed van hul taak gekwyt deur hierdie konferensie te reël. En daarvoor het prof De Visser en sy vrou Inge spesiaal vanaf Kanada na Australië gereis. Dit is gehou op Vrydagaand 22 Julie en Saterdagoggend 23 Julie 2011. Ds De Visser het twee lesings aangebied oor ons roeping tot evangelisasie en ook die benadering, HOE om dit te doen. Daar is ook aanbiedings gehou oor die werk van ons plaaslike evangelisasie-kommissies en uitreikorganisasies. Daar is deur vele vermeld dat die konferensie leersaam en verrykend was.
Hierdie evangelisasie-konferensie is ook gehou in Albany, Wes-Australië, op 28 en 29 Julie 2011. Ook is daar 'n ampsdraerskonferensie gehou op 30 Julie 2011 in Albany waar ds De Visser 'n toespraak gehou het oor: "Wat is goeie prediking?"
Op 21 Julie 2011 is 'n mini-vrouesaamtrekdag gehou. Dit was 'n koue en reënerige aand, maar talle vroue is nie daardeur verhinder om in die Southern River-kerkgebou bymekaar te kom nie. Sr Inge de Visser van Kanada het op 'n gemaklike en persoonlike manier oor die gebed gepraat. Die gebed, 'n wonderlike middel van kommunikasie met ons Hemelse Vader. Die gebed, die vernaamste deel van ons dankbaarheid teenoor ons God. Sr Inge het die gehoor 'n lied aangeleer en hulle het dit ook in beurtsang gesing. Loof die HERE, o my siel... volgens Psalm 103. Pragtig... ook om te sing terwyl daar gestryk of skottelgoed gewas word! Hoe belangrik is dit nie dat die Psalms sal leef in ons huise nie! Om by ons kinders 'n liefde daarvoor te kweek. Sr Inge se toespraak is goed ontvang en sy is gevra om ook die jeug van die Perth-omgewing toe te spreek.

Korrespondent - Herman de Jager

VERSOENING tussen BYBEL en WETENSKAP (1)

Wetenskap & Tegnologie

Prof Cees Dekker skryf: "Als er uiterlijk een botsing schijnt te zijn tussen Bijbel en wetenschap, dan geloof ik dat we òf onze wetenschap foutief interpreteren òf de Bijbel foutief interpreteren, want de God van het Woord is dezelfde als de God van de wereld." (Dekker 2008:334) en: "God is Schepper en Zijn scheppingswerk heeft Hy voltrokken door evolutionaire prosessen" (Dekker 2008:330). Dit is voorwaar 'n eerlike manier van 'n vooraanstaande wetenskaplike om "sy geloof" in lyn te bring met die wetenskaplike materiaal wat hy bestudeer. Hierdie neiging om die Bybel te versoen met die wetenskap en nie andersom nie, is aktueel en word op groot skaal verkondig tot selfs in die openbare media, asof dit heeltemaal korrek en 'n eerbare manier is om Christen én wetenskaplike te wees. Dit gee 'n gevoel van oplugting dat daar tog nie 'n spanning tussen Christelike en nie-Christelike wetenskaplikes ten opsigte van hoofsaaklik die ontstaan van alles bestaan nie. So kan nie-Christelike wetenskaplikes Christen-wetenskaplikes nie beskuldig dat hulle voor-die-hand-liggende "feite" anders interpreteer en dus kwansuis nie goeie wetenskaplikes kan wees nie. Hierdie versoening, of dan die poging om die Bybel by die wetenskap aan te pas, gaan wel gepaard met 'n her-interpretasie van wat in die Bybel, die Woord van God, staan. Die proses van versoening is egter glad nie 'n nuwe verskynsel nie en dit is noodsaaklik om hierdie veld so 'n bietjie te verken en te kyk of dit wel aanvaarbaar in die lig van Skrif en belydenis is. Daaroor skryf selfs Darwin in sy outobiografie waar hy nogal uitwy oor die moontlike bestaan van 'n God: "Die misterie oor die begin van alle dinge kan nie deur ons opgelos word nie, en ek byvoorbeeld sal tevrede moet wees om agnostikus (skeptiese ongelowige) te bly" (Darwin, Nederlandse vertaling 2008:86).

Uniformatisme

Uniformatisme stel dat die huidige die sleutel tot die verlede is, dit wil sê prosesse wat ons vandag waarneem, het altyd bestaan en het teen dieselfde tempo plaasgevind. Op grond hiervan, tesame met die geloof dat alle dinge spontaan ontwikkel het, moet die aarde miljarde jare oud wees. Charles Lyel (1797 tot 1875) word die hoëpriester van hierdie basiese aanname genoem. Hy was 'n Engelse prokureur met 'n intense belangstelling in die geologie. Hy was die outeur van die boek "Principles of Geology" wat Darwin saamgeneem het op sy reise en wat hy baie goed bestudeer het (Darwin, Nederlandse vertaling 2008:70). Lyel het die moontlikheid van skielike veranderinge oor 'n kort periode verwerp, soos wat moontlik met 'n wêreldwye vloed of enige ander

katastrofe kon gebeur het. Voor 1800 was dit algemeen aanvaar dat die sondvloed verantwoordelik was vir talle geologiese verskynsels. Whitcomb en Morris, in hul boek "The Genesis Flood", gee 'n goeie oorsig oor die tydperk en die verandering in denke ten opsigte van die sondvloed. Die teorie dat daar eintlik talle vloede moes gewees het met as laaste die Bybelse sonvloed (Cuvier, 1769-1832) het ook plek gemaak vir die denke dat daar tussen Genesis 1:1 en 1:2 'n lang tydperk moes gewees het, die sogenaamde "gapingsteorie". Hierdie denke maak voorsiening daarvoor dat daar 'n veel langer tydperk moes gewees het as wat in dié tyd tradisioneel aanvaar is en dat die sondvloed van die Bybel slegs die laaste van talle vloede was. Dit is nog steeds aanvaar dat die sondvloed universeel was, maar dat daar baie meer tyd nodig was om talle geologiese verskynsels te kan verklaar.

Baie teoloë van daardie tyd verwerp op grond van die moderne" geologie van 1800 die ou sondvloed-siening ten gunste van die meervloed-model en aanvaar dit as kriteria vir die uitleg (eksegese) van die eerste hoofstukke van Genesis (Whitcomb & Morris 1961:94). Die langer tydperke het vervolgens uitgeloop op die idee dat alles teen 'n vaste en sekere tempo ontstaan het, die sogenaamde gelykmatige of uniforme tydsverloop, soos aanvaar deur mense soos Charles Lyel. Hierdie rigting en denke vorm die basis van Charles Darwin se boek: "Origin of Species". Francis M Hutchinson skryf oor Darwin in die "Encyclopedia Britanica" (1955:153) die volgende: Daar kan geen twyfel bestaan nie dat deur Lyel se "Principles of Geology" Darwin die kettings van die Bybelse chronologie finaal kon afskud, en as dit nie gebeur het nie, sou die boek "Origin of Species" waarskynlik nooit verskyn het nie. Die belangrike punt waaroor dit hier gaan, is dat die wetenskap begin dikteer wat ons moet verstaan ten opsigte van die eerste hoofstukke van die Bybel. Daar was reeds in daardie jare pogings om wetenskap en die Bybel te versoen. Die wetenskap het egter steeds te make met nuwe ontdekkings, wat dit al hoe moeiliker gemaak het om by te bly.
Daar is twee uiteenlopende denkraamwerke wat na dieselfde verskynsels kyk maar dit binne verskillende tydsraamwerke plaas:

- Die uniformatistiese siening tesame met Darwin se aannames dat spesies oor miljoene jare ontwikkel het uit 'n eensellige organisme.

- Die aanname dat sekere katastrofes, soos die sondvloed, verantwoordelik is vir talle verskynsels en dat alles kon ontstaan het oor 'n baie korter tydperk.

Daar bestaan ook allerhande nuanses, maar daar kan hoofsaaklik tussen hierdie twee uiteenlopende denkraamwerke onderskei word, en oorsigtelike sien dit as volg daaruit:

Skeppingswetenskaplike benadering – pas wetenskap by die Bybel aan
Hierdie rigting verwerp die uniformatisme of dan ook die naturalisme (dat alles sy ontstaan het uit materie deur stadige natuurlike prosesse) en hou by die skepping in 6 dae. Die ouderdom van die aarde word volgens Bybelse berekenings geskat op ongeveer 6 000 tot 10 000 jaar. Hierdie rigting word ook die jong aarde-skeppingsmodel genoem. Dit wil dan die wetenskap aanpas by die Bybel. W J Ouweneel in sy boek "De Ark in de Branding" gee in 'n bylaag nogal 'n breedvoerige beskrywing van die ontwikkeling en allerhande inisiatiewe in die vroeë jare 1960 tot 1978 oor hierdie rigting. Daar is talle organisasies gestig, soos die "Creation Research Society" in die sestiger-jare. Die voorwaardes vir lidmaat-skap is onder andere die volgende: Christus moet aanvaar word as Heiland en Verlosser, dat Adam en Eva as man en vrou geskep is, dat daar 'n sondeval plaas-gevind het wat die basis vorm vir die geloof in Christus as Verlosser, dat die Bybel as geheel die geïnspireerde Woord van God is en dat daarom alle uitsprake oor wetenskap en geskiedenis in die Bybel waar is, dat alle spesies na hulle soort geskep is, en laastens dat die sondvloed 'n wêreldwye gebeurtenis was. Hierdie vereniging het hoofsaaklik begin as 'n publikasiever-eniging met as doel om leerboeke en artikels wat die kreasionis-tiese standpunt uitdra, die lig te laat sien. Daar het onder andere 'n leerboek vir skoliere verskyn met die titel "Biology: A search for order in complexity" (1970). In Nederland is daar in 1974 'n stigting opgerig vir die bevordering van Bybelgetroue weten-skap en talle publikasies het die lig gesien.

'n Bekende werk, "De Zondvloed", oorspronklik geskryf deur Rehwinkel, is vertaal deur F J Kerkhof, wat ook voorsitter van die stigting was.
Die klem en rigting is dat alle verskynsels bekyk word vanuit 'n Bybelse perspektief. Die Bybel is die norm en vrae oor ontstaan (makro-wetenskap) word binne hierdie raamwerk geplaas. Dit spreek vanself dat hierdie rigting glad nie aanvaar word deur die aan-hangers van die evolusie wat nie die God van die Bybel erken nie en daarom ook nie sy geïnspireerde Woord nie. Daar is egter wel talle pogings van

Christene om die Bybel aan te pas by die feilbare wetenskap.

Die intelligente ontwerp (ID = Intelligent Design)

Francis Collins, in sy boek "The language of God", beskryf hierdie rigting deur middel van drie stellings:

- Evolusie bevorder 'n ateïstiese wêreldbeskouing en moet daarom deur alle Christene verwerp word.
- Evolusie is in wese korrup omdat dit nie die kompleksiteit in die natuur kan verduidelik nie.
- Evolusie kan nie die toename en onomkeerbaarheid van die kompleksiteit in die natuur verklaar nie.

Hieruit volg die belangrike aanname dat, as gevolg van hierdie kompleksiteit, daar 'n intelligente ontwerper betrokke moet wees. Die ontwerper is slegs daar waar daar geen wetenskaplike antwoord is nie. Dit is dus, soos Collins dit noem, in wese 'n gapingsteorie. God is slegs nodig waar daar gapings in kennis is. Soos die wetenskap vorder, word die gapings kleiner; dus ook God se rol in die skepping en onderhouding van alle dinge. Hierdie teorie aanvaar dus wel evolusie as proses in die totstandkoming van alle dinge met 'n god wat slegs daar betrokke is waar die wetenskap nog nie raad mee weet nie. ID is 'n poging om die wetenskap vrye teuels te gee oor die ontstaansvraag en dit spreek vanself dat daar geen plek meer is vir die Bybel as basis vir 'n denkraamwerk nie. Daar is dus wel 'n god wat nie net alles aan die gang gesit het nie, maar wat alles kunstig ontwerp het deur middel van evolusie. Volgens Collins (2007:194) is hierdie beweging egter nie baie suksesvol nie, omdat die gapings in die evolusieteorie wat die ID veronderstel was om te vul met die verklaring dat dit deel was van die intelligente onwerper, nou grotendeels reeds gevul is deur die vordering in die wetenskap.
Anders as by die kreasioniste, is die Bybel nie die vertrekpunt nie, maar wel die wetenskap en hierdie versoening gaan ten koste van die Woord van God. Collins kom tot die gevolgtrekking dat daar wel 'n denkrigting is wat tot volle harmonie lei, wat hy Bio-logos, of dan ook "Teïstiese evolusie" – wetenskap en geloof in harmonie – noem.

Teïstiese evolusie, Bio-logos

Hierdie rigting is tans baie sterk onder Christen-wetenskaplikes en bied vir hulle 'n welkome uitkoms uit die sogenaamde konfliksituasie. Die God van die Bybel het alles geskep deur middel van die evolusie-proses. Daar is oorweldigende wetenskaplike feite dat evolusie waar is en dit help nie om dit te ontken nie. Om dit te ontken, maak ons wetenskaplike werk verdag en ons posisie ononthoudbaar in 'n wêreld wat evolusie algemeen aanvaar as die meganisme waardeur alles ontstaan het.
Dit spreek vanself dat hierdie uitgangspunt die tradisionele reformatoriese Bybeluitleg totaal op sy kop keer. Dit is nie meer net 'n versoening tussen twee gelykwaardige partye nie, as 'n mens sou kon praat van die Bybel en wetenskap as gelykwaardig, maar hier word die wetenskap verhef tot die sleutel van wat ons van die Bybel moet verstaan. As Christene moet ons eerlik wees en duidelik uitspel wat dit beteken vir ons geloof, die inhoud van ons geloofsbelydenis wat ons elke Sondag uitspreek en die belydenisgeskrifte,en dan op grond hiervan 'n duidelike keuse maak. Óf ons glo in God soos wat Hy Hom in Sy Woord openbaar en aanbid Hom soos wat Hy dit wil òf ons skep ons eiewillige godsdiens volgens wat ons goeddink. Hieroor wil ons in die volgende artikel verder op ingaan.

Orothamnus zeyheri – Vleiroos

Deel van die Protea-familie wat hoog in die berge van Hermanus voorkom. Uniek aan die Protea- familie is die stuifmeeldrade gekrom, wat spanning opbou en stuifmeel in die wind uitskiet. Dit is 'n baie skaars en bedreigde spesie. Ek was bevoorreg om hierdie plant te help red van uitwissing in sy natuurlike habitat. Vir die mens is daar byna ongelooflike detail in die skepping. Romeine 1 vers 20 – Dat ons God kan ken in sy werke (NGB artikel 2).

Frank van der Kooy *het oor verskeie jare as gelowige wetenskaplike in natuurbewaring en later omgewingstudies gewerk. Deur gesprekke met ander wetenskaplikes het hy die sogenaamde konflik tussen geloof en wetenskap in verskeie vertakkinge van die wetenskap ervaar. Hierdie artikel is die derde in 'n reeks van 6 wat oor Geloof en Wetenskap handel.*

Die OPROEP van "NINE-ELEVEN"

Pers-pektief

Rampe en vrae

Op 11 September het Amerikaners en die res van die wêreld herdenk dat tien jaar gelede amper 3 000 mense gedood is deur die aanval op die *World Trade Center* (WTC) in New York (die Amerikaners dui 'n datum aan met eers die maand en dan die dag, dus is hierdie datum vir hulle 9/11 en praat hulle van "nine-eleven"). Vier vliegtuie is deur Al-Kaïda terroriste gekaap, twee daarvan het in die WTC vasgevlieg, een in die Pentagon (die VSA se ministerie van verdediging) en een het neergestort in Pennsylvania, nadat die passasiers die kapers aangeval het. Wat was die sin van hierdie amper 3 000 sterftes?

'n Tsoenami tref Japan, aardbewings tref Iran, oorstromings tref Indië, vulkaanuitbarstings tref Indonesië, elk met duisende dooies, en ons sal in die nabye toekoms van meer natuurrampe hoor as gevolg van klimaatveranderings. Is hierdie menslik- of natuurlik-veroorsaakte rampe alles die wil van ons goeie God, die God wat die wêreld liefgehad het? Vrae nie net van die kant van Christene nie, maar ook vrae van die kant van ateïste soos Richards Dawkins. Dit het laasgenoemdes tot die gevolgtrek-king laat kom dat die God van die Christendom nie konsekwent is in sy liefde vir mense nie (sien die artikel "Die aanslag van die ateïsme" van prof Amie van Wyk in *Die Kerkblad* van Augustus 2011).

Die wil van God

Die Heidelbergse Kategismus gee 'n beknopte oorsig van God se sorg vir sy kinders. In Sondag 1 bely ons dat "sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my kop kan val nie". En in Sondag 10 bely ons oor die voorsienigheid van God dat Hy alles onderhou en regeer en "dat alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom". Ons glo dat hierdie wil van God nie net gelowiges nie, maar ook ongelowiges betref. Verder bely ons, as gelowiges, in Sondag 9 dat Hy "al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander."

In *Die Kerkblad* van Junie en Augustus 2011 wy dr CN van der Merwe twee hoofartikels aan "die wil van God". Hy skryf dat die wil van God in die Bybel op verskillende maniere aangedui word, soos God se raad, sy planne, besluite, voorneme, genadige bedoeling en genadige beskikking. Psalm 33:6 (berymd) sê ook dat God se besluit nooit gekeer word nie, dat dit sal bestaan in ewigheid. Kan ons dus tot die gevolhtrekking kom dat dit die wil van God is dat rampe soos hierbo genoem die wêreld en ook gelowiges tref? En as dit strawwe van God is, waaroor straf Hy ons dan en wat kan ons hieruit leer?

As ons wil nadink oor God se wil, dan moet ons begin by die skepping. God het die mens geskep met 'n vrye wil, om Hom te dien of om ongehoorsaam te wees. Toe die mens die verkeerde besluit gemaak het, het God nie ingegryp, die twee mense gedood en nuwe mense geskep nie. Hy het verder gegaan met hierdie mense wat van nou af slegs geneig was tot die kwaad. So het deur die mens die kwaad in die wêreld gekom en gebly. Ons doodsvyande, volgens HK Sondag 52, sluit dan, behalwe die duiwel, ook ons eie sondige natuur in, asook die sondige wêreld / samelewing waarin ons verkeer.

Oordeel en straf

God laat dus die duiwelse en menslike kwaad toe, maar is self nie die bron van kwaad nie. Ellende kom uit en deur die mens. God kom wel met sy toorn oor die wêreld as straf op die mens se goddeloosheid en ongeregtigheid, soos Paulus beskryf in Romeine1:18-32. En in die uitoefening van sy toorn kan God ook mense gebruik, soos die Israeliete wat die Kanaäniete moes uitroei. God weerhou wel tot 'n mate die deurwerking van die kwaad (wat A Kuyper en sy volgelinge verkeerdelik "algemene genade" noem).

God is nie 'n "lieflike" God wat alle kwaad weerhou en alle mense, ongeag hul mate van godsdienstigheid, slegs die goeie toebedeel nie. God laat menslike kwaad partykeer toe, selfs op groot skaal soos in Auschwitz. Ook straf God soms. Dit is nie steeds duidelik by rampe of dit deur menslike sonde veroorsaak is of dat dit strawwe van God is nie. Ons kan

wel sê dat natuurrampe soos aardbewings, vulkaan-uitbarstings en tsoenami's deurgaans nie deur menslike toedoen veroorsaak word nie. God kan dit gebruik om mense te straf.

Maar in die algemeen kan ons vasstel dat mense wat deur rampe getref word, nie groter sondaars is as dié wat nie getref word nie. Dit leer die Here Jesus ons duidelik in Lukas 13:1-5, waar dit gaan oor Galilese slagoffers van Pilatus en oor slagoffers van die toring van Siloam wat op hulle geval het: "dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon?" Ons moet liewers alle rampe ter harte neem en dit sien as waarskuwings van God.

Rampe kan ons weer bewus maak van menslike gebrekkigheid en sonde (soos die derduisende verkeerslagoffers elke jaar in Suid-Afrika). Dit kan ons ook bewus maak van God se toorn teen die goddelose mensdom (soos by natuurrampe). Dit kan ons ook laat nadink oor ons persoonlike oortredings teen God (soos Dawid na sy owerspel met Batseba en moord op Uria). Dit kan ons ook laat nadink oor beproewings van ons geloof deur God (soos Job).

So kan ons ook nadink oor die slagoffers van "nine-eleven": hulle was nie meer skuldig as ons nie. Ons erken menslike geweld, terrorisme, oorlog, plaasmoorde, ontvoering, seerowery, ens. as gevolg van die sondeval. Ons kan beslis nie optimisties wees oor die mens wat van nature goed sou wees nie (die humaniste). Ons erken ook dat God die mensdom sal straf, dan hier, dan daar. Dit moet ons lei tot selfondersoek: hoe staan ons lewe voor God ? Dit moet ons ook lei tot ootmoed: eintlik het ek ook hierdie straf verdien.

God weerhou die menslike kwaad tot 'n mate. Anders sou die lewe op aarde 'n hel wees. Maar meer nog: God bied ons 'n uitweg uit hierdie voortdurende spiraal van kwaad en sonde. Hy gee ons sy eie Seun as Middelaar om mense weer met Hom te versoen en as sy kinders en erfgename aan te neem. Hoekom God hierdie pad met die mensdom volg (van paradys deur ellende na ewige saligheid), weet ons nie. Maar ons kan vashou aan sy beloftes en sy trou daarin. So kan ons lewe in hierdie jammerdal met rampe en ellende, maar met die wete dat God ons as gelowiges sal deurhelp, sal troos en na die ewige lewe sal heenlei.

Hans Moes *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

BOEKENUUS

NUWE BOEK:

Charismate en Gereformeerdes verskil oor die Bybel: Waaroor en waarom? / Siewert C Wiid

Hierdie publikasie is uitgegee deur Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, Bloemfontein.
"Die belangrikste verskil tussen charismate en gereformeerdes gaan oor die ontstaan van die mens se gees. Volgens die charismatiese kerke is die mens se liggaam geskep, maar die gees van die mens is ongeskape en bestaan uit 'n gedeelte van God se Gees. Gereformeerde kerke glo egter dat die liggaam sowel as die gees van die mens deur God geskep is en daar is heelwat Bybeltekste wat dit bevestig.
"Hierdie verskil oor die gees van die mens ontketen baie ander verskille. Dit is die volgende: 1) Die skepping van die mens; 2) Die oorsaak van sonde; 3) Die onderskeiding tussen goed en kwaad; 4) Die verskil tussen Christen en Jesus; 5) Die natuur van die mens na wedergeboorte; 6) Hoe die mens verlos word; 7) Hoe die mens regverdig word; 8) Wat die genade van God beteken; 9) Wat die doop beteken; 10) Wat geestelike oorlog beteken; 11) Wat die ewige lewe beteken.
"Die meeste mense is onbewus van hierdie verskille, omdat daar min boeke is wat hierdie verskille verduidelik. Let op die volgende voorbeeld: Vir charismate beteken die ewige lewe dat jy God se soort lewe in jou gees ontvang. Vir gereformeerdes beteken die ewige lewe dat God se Gees jou gees vir ewig lewend hou (nog 50 verskille word in hierdie publikasie bespreek).
"Deur hierdie verskille te ken, kan jy jou geestelike oordeelsvermoë verbreed. Jy sal beter kan onderskei tussen waarheid en dwaling. Jy sal verbaas wees om te sien hoe die Bybeltekste verskillend uitgelê word. Hierdie boek handel oor twee uiteenlopende uitlegte van die Bybel. Charismate skei goed en kwaad tussen vlees en gees. Gereformeerdes skei goed en kwaad tussen lig en duisternis en hierdie lig en duisternis oorskry die grense van vlees sowel as gees. Dit is egter nie op God van toepassing nie, want God self is die lig – in Hom alleen is geen duisternis nie!"
In die voorwoord skryf ds PJ Kriel, Levubu: "Met hierdie publikasie deurbreek Siewert 'n tradisie van stilswyende goedkeuring oor die mees basiese dwaling van die Pinkstergodsdiens: dat dit in wese verkeerd en met die inhoud van die Skrif onversoenbaar is... HY het dit reggekry om die geestelikheid van die moderne Christendom te onderskei van die geloof in die evangelie". (180 bladsye, A4-grootte; R 180)



Vooral de liefde / Ds Gerrit Gunnink (red)
Een gemeentebreed gesprek over liefde en relaties.

God is liefde, skryf Johannes. Maar wat beteken dit? 'Vooral de liefde' gee Bybelse antwoorde en wys wat dit beteken vir ons omgang met mense. Die skrywers maak bespreekbaar dit wat uiters kwesbaar is: verhoudings, verliefdheid, huwelik en vriendskappe. Dit gaan oor die kosbaarheid en die breekbaarheid van elke verhouding. Die aktuele Skrifoordenkings, verwerkingsvrae, gesprekspunte en kort gebede maak hierdie boek, net soos 'Thuis in Gods huis', geskik vir gesamentlike Bybelstudie en bespreking. Dit is ook baie geskik om as dagboek te gebruik.
(R 150)

BOEKE VAN DR ARNOLD MOL:

- **Kom ons wen saam.** *Bou aan liefde vir 'n leeftyd*
- **Ouerskap wat werk.** *'n Praktiese gids tot ouerskap*
- **Jy kan word wat jy is.** *Praktiese riglyne vir die Christelike lewe*
- **Maak wenners van jou mense.** *Die sleutel tot motivering in die werkplek*

(R 120 elk)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by: www.folmerboek.com

Folmer Boekhandel (Kaapstad)
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net

Folmer Boekhandel (Pretoria)
Laseandralaan 115, Môregloed, 0186
Tel: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net Tel/faks: 012 543 3597

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

ADVERTENSIES

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van *KOMPAS:*

12 Oktober 2011